

A low-angle, close-up shot of a person's legs and feet walking on a rustic wooden plank path. The person is wearing light blue denim jeans with the hems rolled up, black socks, and brown suede Vans sneakers with white laces and white soles. The path is made of weathered wooden planks and leads into a field of tall, dry grass under warm, golden-hour lighting. The background is softly blurred, showing more of the path and the surrounding vegetation.

Psalm 139

Die pad is vol uitdagings, maar jy
is nooit alleen nie



Hy ken jou



Psalm 139:1-6

Here, U sien dwarsdeur my, U **ken** my.

2 Of ek sit en of ek opstaan, U **weet** dit,

U **ken** my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.

3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed **bekend**. 4 Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, **weet** wat dit gaan wees.

5 U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.

6 Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

Hy is by jou



Psalm 139:7-12

7 Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug?
Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te
ontkom? 8 Klim ek op na die hemel, is U daar,
gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. 9 Vlieg ek na die
ooste, of gaan woon ek in die verre weste,
10 ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.
11 Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek,
of die lig rondom my om in nag te verander,
12 maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie
en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.



Hy het jou lewe beplan

Psalm 139:13-18

13U het my **gevorm**, my **aanmekaargeweef** in die skoot van my moeder. 14Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse **geskep**. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker: 15geen been van my was vir U verborge toe ek **gevorm** is waar niemand dit kon sien nie, toe ek **aanmekaargeweef** is diep in die moederskoot. 16U het my al **gesien** toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek **opgeskrywe** nog voordat ek gebore is. 17Hoe wonderlik is u **gedagtes** vir my, o God, hoe magtig hulle almal! 18As ek hulle sou wou opnoem – hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.



Daar gaan baie
moeilike tye ook wees

Psalm 139:19-22

19As U tog maar die goddelose uit die weg wou ruim, o God! Gaan weg van my af, julle moordenaars!

20Dit is hulle wat bose planne teen U smee,
wat so vals teen U optree.

21Moet ek u haters dan nie haat nie, Here,
moet ek nie 'n weersin hê in mense wat teen U in opstand
is nie? 22Ek haat hulle met 'n uiterste haat,
want hulle is ook my vyande.

Gee jouself oor aan sy
leiding



Psalm 139:23-24

23Deurgrond my, o God, deurgrond my hart,
ondersoek my, sien tog my onrus raak.

24Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad!

Op al jou paaie

1. Hy ken jou
2. Hy is by jou
3. Hy het jou lewe beplan
4. Daar gaan moeilike tye wees
5. Gee jouself oor aan sy leiding

